

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

STUDENTEGRONDWET

2011 Hersiening

Finale weergawe (weergawe 2.2)

Hierdie Grondwet is op xx xxxx 2011 deur die Studenteraad aanvaar, op xx xxxx 2011 deur die studente in 'n referendum aanvaar, en op xx xxxx 2011 deur die Universiteitsraad goedgekeur. Die Afrikaanse weergawe van die dokument sal by interpretasiegeskille voorrang geniet.

Sleutel: die boskrif ‡ dui op 'n fundamentele hoofstuk, afdeling, artikel of bepaling wat slegs by wyse van 'n referendum gewysig kan word (sien artikel 96).

INHOUDSOPGAWE

VOORREDE	3
HOOFSTUK 1 GRONDLIGGENDE BEPALINGS.....	4
HOOFSTUK 2 HANDVES VAN STUDENTEREGTE.....	6
HOOFSTUK 3 DIE STUDENTERAAD.....	9
Afdeling 3.1 Algemeen	9
Afdeling 3.2 Ander pligte en bevoegdhede van die Studenteraad.....	12
Afdeling 3.3 Uitvoerende Komitee (UK) van die Studenteraad.....	15
Afdeling 3.4 Vergaderings van die Studenteraad.....	16
Afdeling 3.5 Evaluering van Studenteraadslede deur die Evaluerings-paneel	17
HOOFSTUK 4 STUDENTEPARLEMENT.....	20
HOOFSTUK 5 DIE STUDENTEHOF EN DIE APPËLHOF	22
HOOFSTUK 6 DIE AKADEMIESE BELANGERAAD	27
HOOFSTUK 7 DIE PRIMKOMITEE.....	28
HOOFSTUK 8 DIE VERENIGINGSRAAD	30
HOOFSTUK 9 DIE MILITÊRE AKADEMIE STUDENTERAAD	31
HOOFSTUK 10 DIE TYGERBERG STUDENTERAAD	32
HOOFSTUK 11 VERKIESINGS	33
HOOFSTUK 12 INWERKINGTREDING, HERROEPING EN WYSIGING	36
BYLAE 1 ALGEMENE STUDENTERAADSVERKIESING	38
Afdeling S1 Stembuskonvenor(s) en die Stembuskomitee.....	38
Afdeling S2 Nominasies en voorvereistes vir kandidatuur.....	39
Afdeling S3 Formaat en bemarking van die verkiesing	42
Afdeling S4 Uitslae en klagtes	45

VOORREDE[†]

Ons, die studente van die Universiteit Stellenbosch, bewus van ons uiteenlopende kulturele erfenis en die geskiedenis van die Universiteit Stellenbosch en ons land, die Republiek van Suid-Afrika, verenig om 'n multikulturele en demokratiese gemeenskap, wat vry is van diskriminasie te bou ooreenkomstig die Handves van Studenteregte in hoofstuk 2 van hierdie Grondwet en die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

Ons erken dat dit ons verantwoordelikheid is om in die demokratiese strukture wat deur hierdie Grondwet erken word, deel te neem.

Onderhewig aan die bepalings van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, die Wet op Hoër Onderwys, die Statuut van die Universiteit Stellenbosch en Universiteitsregulasies, aanvaar ons hierdie dokument as ons bindende Grondwet.

HOOFSTUK 1 GRONDLIGGENDE BEPALINGS[‡]

1 Woordoms krywing

In hierdie Grondwet, tensy dit anders uit die samehang blyk –

- (1) dui “aanvaar”, “besluit”, of “verkies” op ’n besluit geneem met ’n gewone meerderheid van stemme;
- (2) beteken “*ex officio*-lid van die Studenteraad” ’n lid wat op die Studenteraad dien uit hoofde van ’n ander amp, soos die Studenteraadslede wat onder artikel 19(b)-(f) aangedui word;
- (3) dui “positiewe stemming” op die volgende proses:
 - (a) Wanneer een kandidaat ’n meerderheid (50%+1) van die stemme verwerf, is hy of sy verkies.
 - (b) Indien geen kandidaat ’n meerderheid (50%+1) van die stemme trek nie, sal die volgende stappe gevolg word:
 - (i) Daar sal ’n nuwe verkiesing uitgeroep word.
 - (ii) Vir hierdie verkiesing sal die kandidate met die minste stemme verwyder word, maar die som van die verwyderde kandidate se stemme mag nie vyftig persent (50%) van die totale aantal stemme in die vorige verkiesing oorskry nie.
 - (iii) Hierdie prosedure word herhaal totdat een kandidaat ’n meerderheid (50%+1) van die stemme ontvang.
- (4) beteken “student” ’n ingeskrewe student aan die Universiteit;
- (5) beteken “studenteliggaaam” ’n georganiseerde groep studente met ’n amptelike verbintenis aan die Universiteit;
- (6) beteken “Universiteit” die Universiteit Stellenbosch; en
- (7) beteken “Universiteitsdag” ’n weeksdag (Maandag tot Vrydag) gedurende die akademiese jaar wat nie ’n openbare vakansiedag is nie.

2 Status van hierdie Grondwet

- (1) Alle grondwette, reglemente, reëls, kodes, dokumente, mosies en besluite aanvaar deur enige studenteliggaaam is aan hierdie Grondwet onderworpe en ongeldig in soverre dit daarmee in stryd is.
- (2) Hierdie Grondwet heet die “Studentgrondwet van die Universiteit Stellenbosch”, met dien verstande dat enige verwysings in ander dokumente na die “Studente-unie Grondwet van die Universiteit Stellenbosch” na hierdie dokument verwys.

3 Studenteliggame deur hierdie Grondwet gekonstitueer

Die volgende studenteliggame word deur hierdie Grondwet gekonstitueer:

- (a) die Studenteraad;
- (b) Studenteparlement;
- (c) die Studentehof;
- (d) die Evalueringspaneel;
- (e) die Akademiese Belangeraad;
- (f) die Primkomitee;
- (g) die Verenigingsraad;
- (h) die Militêre Akademie Studenteraad;
- (i) die Tygerberg Studenteraad; en
- (j) die Stembuskomitee.

HOOFSTUK 2 HANDVES VAN STUDENTEREGTE[‡]

4 Toepassing

- (1) Die regte in die Handves van Studenteregte bind alle studenteliggame aan die Universiteit en dit is al hierdie liggame se plig om hierdie regte te respekteer, beskerm en bevorder.
- (2) Die studenteliggame wat in artikel 3 van hierdie Grondwet gekonstitueer word, moet redelike stappe doen om die beskerming en bevordering van hierdie regte te verseker, insluitend, waar nodig, deur skakeling met die Universiteitsowerhede.

5 Gelykheid

Daar sal nie onregverdig teen enige student gediskrimineer word nie.

6 Menswaardigheid

Elke student het inherente menswaardigheid en die reg dat sy of haar menswaardigheid gerespekteer en beskerm word.

7 Vertroulikheid van studenterekords

- (1) Elke student het die reg op die vertroulikheid van sy of haar Universiteitsrekords.
- (2) Geen inligting wat in sodanige rekords vervat word mag sonder die toestemming van die betrokke student geopenbaar word nie.

8 Studentesukses

- (1) Elke student het die reg op 'n bemagtigende omgewing waarin studentesukses en akademiese uitnemendheid aangemoedig en nagestreef word.
- (2) Elke student het die reg op onderrig van goeie gehalte, akademiese steun en deursigtige en verantwoordbare assesseringsprosedures.
- (3) Dit is die plig van die liggame wat in artikel 3 van hierdie Grondwet gekonstitueer word om struikelblokke tot die uitoefening van hierdie regte te identifiseer en teen te werk.

9 Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening

Elke student het die reg op vryheid van godsdiens, oortuiging en mening.

10 Vryheid van uitdrukking

Elke student het die reg op vryheid van uitdrukking, wat nie haatspraak omvat nie, en wat wel die volgende insluit:

- (a) vryheid van akademiese uitdrukking en wetenskaplike navorsing;
- (b) vryheid van die studentemedia; en
- (c) vryheid om idees en inligting mee te deel en te ontvang.

11 Vergadering, betoging en petisie

Elke student het die reg om vreedsaam en ongewapen op kampus te vergader en te betoog, en om versoekskrifte aan die Studenteraad en die Universiteitsbestuur te rig.

12 Vryheid van assosiasie

Elke student het die reg op vryheid van assosiasie op kampus, wat die reg om enige studentegroep, -genootskap of -vereniging te stig, insluit.

13 Deelname aan Studenteraadsverkiesings

- (1) Elke student het die reg om in Studenteraadsverkiesings te stem, en om dit in die geheim te doen.
- (2) Elke student het die reg om vir verkiesing tot die Studenteraad te staan, onderhewig aan regverdigde en relevante verkiesbaarheidsvereistes en onderhewig aan die bepalings van hierdie Grondwet.

14 Administratiewe optrede

Elke student wie se regte of geregverdigde verwagtinge wesenlik en negatief deur enige besluit van 'n studenteligaam of 'n lid van 'n studenteligaam geaffekteer word, het die reg –

- (a) om kennis te ontvang van die aard en doel van die voorgenome optrede;
- (b) op 'n redelike geleentheid om voorleggings te doen;
- (c) op voldoende kennis van enige reg op hersiening of interne appèl, waar dit van toepassing is; en
- (d) om redes vir die besluit aan te vra en binne 'n redelike tyd van geskrewe redes voorsien te word.

15 Beperking

- (1) Die regte in hierdie hoofstuk mag slegs beperk word ingevolge regsreëls van algemene toepassing, wat, vir doeleindes van hierdie artikel, regulasies, reëls en beleide van die Universiteit insluit.
- (2) Beperkings moet oogmerke hê wat strook met die waardes van 'n oop en demokratiese gemeenskap wat op menswaardigheid, gelykheid en vryheid gebaseer is.
- (3) Beperkings mag nie die regte in hierdie hoofstuk meer beperk as wat nodig is nie, en die impak daarvan op die regte van studente moet proporsioneel wees tot die oogmerke daarvan.

16 Afdwinging

Enige student, studenteliggaam of groep studente, of hulle in hul eie belang optree of in die belang van 'n groep of klas studente, mag die Studentehof om gepaste regshulp nader in die geval van 'n beweerde skending van hul regte onder hierdie Grondwet.

17 Interpretasie

Die Handves van Studenteregte moet ooreenkomstig hoofstuk 2 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, die Wet op Hoër Onderwys, die Statuut van die Universiteit Stellenbosch en Universiteitsbeleid en –regulasies geïnterpreteer word.

HOOFSTUK 3 DIE STUDENTERAAD

Afdeling 3.1 Algemeen

18 Status van die Studenteraad[‡]

Die Studenteraad is die hoogste beleidbepalende en verteenwoordigende studenteliggaam aan die Universiteit en staan onder die gesag van die Universiteitsraad.

19 Samestelling van die Studenteraad[‡]

Die Studenteraad bestaan uit die volgende lede:

- (a) nege (9) lede deur die studente ooreenkomstig hoofstuk 11 van hierdie Grondwet verkies;
- (b) die Voorsitter van die Akademiese Belangeraad;
- (c) die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Primkomitee;
- (d) die Voorsitter van die Verenigingsraad;
- (e) die Studentekaptein van die Militêre Akademie Studenteraad; en
- (f) die Voorsitter van die Tygerberg Studenteraad.

20 Termyn van die Studenteraad

Die termyn van die Studenteraad begin op die eerste dag ná die laaste vergadering van die Universiteitsraad in die jaar waarin die Studenteraadslede verkies is, en strek tot die laaste vergadering van die Universiteitsraad in die daaropvolgende jaar.

21 Kernfunksies van die Studenteraad[‡]

Die kernfunksies van die Studenteraad sluit in om –

- (a) in die beste belang van studente op te tree en studente se regte onder hoofstuk 2 aktief te bevorder;
- (b) studente te verteenwoordig by –
 - (i) die Universiteitsraad;
 - (ii) die Senaat;
 - (iii) die Institusionele Forum;
 - (iv) ander komitees, liggame en amptenare van die Universiteit; en
 - (v) nasionale en internasionale studenteliggame;
- (c) universiteitsbeleid te evalueer en insette te lewer by die formulering daarvan;
- (d) die advies van Studenteparlement te oorweeg;

- (e) projekte en inisiatiewe tot voordeel van studente te fasiliteer;
- (f) studente deurlopend in te lig, en terugvoer in te win, oor die aktiwiteite van die Studenteraad;
en
- (g) beleid te formuleer en te onderhou ten einde te verseker dat die Studenteraad hul funksies en pligte effektief uitvoer.

22 Verpligte portefeuljes

Die Studenteraad moet ten minste die volgende portefeuljes handhaaf:

- (a) Die Voorsitter –
 - (i) is die hoof uitvoerende beampte van die Studenteraad;
 - (ii) tree as woordvoerder vir die Studenteraad op; en
 - (iii) is uiteindelik verantwoordelik vir die Studenteraad se finansies.
- (b) Die Ondervoorsitter is die adjunk hoof uitvoerende beampte van die Studenteraad.
- (c) Die Sekretaris is ten minste daarvoor verantwoordelik om –
 - (i) interne kommunikasie binne die Studenteraad in stand te hou;
 - (ii) kennis en institusionele geheue binne die Studenteraad te bestuur;
 - (iii) toe te sien dat behoorlike rekord gehou word van Studenteraadsvergaderings en ander vergaderings of konsultasies waar die Studenteraad rekordhouding verlang; en
 - (iv) rekords, beleide en ander dokumente van die Studenteraad op te dateer, te bewaar en beskikbaar te stel.
- (d) Die Tesourier is die hoof finansiële beampte van die Studenteraad en is ten minste daarvoor verantwoordelik dat die Studenteraad se finansiële hulpbronne op 'n deursigtige en verantwoordelike wyse aangewend word.
- (e) Die Beleidsamptenaar is ten minste daarvoor verantwoordelik om –
 - (i) toe te sien dat beleid van die Studenteraad en die studente geformuleer en hersien word ingevolge artikel 21(g);
 - (ii) die ander Studenteraadslede by te staan in die evaluering van en lewering van insette tot Universiteitsbeleid ingevolge artikel 21(c); en
 - (iii) toe te sien dat hierdie Grondwet hersien en opgedateer word.
- (f) Die Kommunikasie-amptenaar is ten minste daarvoor verantwoordelik om –
 - (i) toe te sien dat studente deurlopend en volledig ingelig word oor die Studenteraad se bedrywighede ingevolge artikel 21(f);
 - (ii) terugvoer van studente in te win ingevolge artikel 21(f); en
 - (iii) toe te sien dat die advies van Studenteparlement die Studenteraad bereik.

23 Nakoming van pligte[†]

- (1) Lede van die Studenteraad moet die bepalings van hierdie Grondwet, en beleid en reglemente van die Studenteraad nakom.
- (2) Indien 'n lid van die Studenteraad subartikel (1) oortree, of daar redelike gronde bestaan om te glo dat 'n lid subartikel (1) gaan oortree, kan –
 - (a) die Studentehof op versoek van enige student 'n gepaste bevel toestaan, en indien daardie bevel nie nagekom word nie, kan die betrokke lid van sy of haar pligte onthef word ingevolge artikel 25(1)(g); en
 - (b) die Evalueeringspaneel dit in aanmerking neem by 'n besluit om die honorarium van die lid kragtens artikel 46 te verminder al dan nie.

24 *Ex officio*-lede

'n *Ex officio*-lid van die Studenteraad –

- (a) mag, addisioneel tot sy of haar *ex officio*-amp, slegs een portefeulje, hetsy 'n verpligte portefeulje of andersins, op die Studenteraad aanvaar;
- (b) mag geen portefeuljes aanvaar indien hy of sy op die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad dien nie; en
- (c) mag nie die amp van Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris of Tesourier op die Studenteraad beklee nie.

25 Einde van lidmaatskap van die Studenteraad

- (1) Die lidmaatskap van 'n lid van die Studenteraad kom tot 'n einde wanneer –
 - (a) die termyn van die lid verstryk;
 - (b) die lid sterf;
 - (c) die lid 'n skriftelike bedanking by die Sekretaris van die Studenteraad indien;
 - (d) die lid ophou om 'n lid van die studenteliggaam wat hy of sy *ex officio* op die Studenteraad verteenwoordig, te wees;
 - (e) die lid ophou om 'n ingeskrewe student aan die Universiteit te wees;
 - (f) die lid sonder rede afwesig is van drie (3) agtereenvolgende Studenteraadsvergaderings;
 - (g) die Studentehof op aansoek bevind dat die lid 'n bevel van die Hof nie nagekom het nie;
 - (h) Studenteparlement 'n mosie van wantroue in die lid aanvaar;
 - (i) die lid in die Republiek van Suid-Afrika of elders gevonniss word tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete; of

- (j) die lid deur die Sentrale Dissiplinêre Komitee, die Universiteitsraad se Dissiplinêre Komitee of die Universiteitsraad se Dissiplinêre Appèlkomitee gevonniss word –
 - (i) tot permanente skorsing uit die Studenteraad; of
 - (ii) tot skorsing vir 'n bepaalde of onbepaalde tyd uit die Universiteit.
- (2) Indien 'n *ex officio*-lid van die Studenteraad gedurende sy of haar termyn ophou om 'n lid van die Studenteraad te wees, dan –
 - (a) verloor daardie lid voorsitterskap of ondervoorsitterskap, watter een ook al van toepassing is, van die studenteliggaam wat hy of sy op die Studenteraad verteenwoordig het; en
 - (b) moet daardie studenteliggaam 'n nuwe Voorsitter of Ondervoorsitter verkies, wat die vorige Voorsitter of Ondervoorsitter se plek op die Studenteraad sal inneem.
- (3) Indien enige ander Studenteraadslid gedurende sy of haar termyn ophou om 'n Studenteraadslid te wees, dan moet die Studenteraad besluit of daardie lid se pos gevul moet word, en indien die Studenteraad besluit dat die pos wel gevul moet word en –
 - (a) minder as veertig (40) Universiteitsdae verloop het tussen die verkiesing van die betrokke lid en die dag waarop hy of sy opgehou het om 'n lid te wees, dan moet die beskikbare kandidaat wat die meeste stemme ontvang het in die verkiesing (waarin die uitgaande Studenteraadslid verkies is), maar nie tot die Studenteraad verkies is nie, die pos vul; of
 - (b) veertig (40) of meer Universiteitsdae verloop het tussen die verkiesing van die betrokke lid en die dag waarop hy of sy opgehou het om 'n lid te wees, of as daar geen beskikbare kandidaat is ingevolge paragraaf (a) nie, dan moet die Studenteraad 'n tussenverkiesing uitroep om die pos te vul.

Afdeling 3.2 Ander pligte en bevoegdhede van die Studenteraad

26 Verslagdoening[‡]

- (1) Elke Studenteraadslid moet ná afloop van elke akademiese kwartaal 'n volledige verslag rakende sy of haar verteenwoordigingsverantwoordelikhede en ander bedrywighede by die Sekretaris indien, nie later nie as een (1) week ná die aanvang van die volgende kwartaal, welke verslae deur die Sekretaris op ontvangs daarvan aan alle studente beskikbaar gestel moet word.
- (2) Elke Studenteraadslid moet 'n volledige verslag aangaande sy of haar verteenwoordigingsverantwoordelikhede en ander bedrywighede binne veertien (14) dae ná die einde van sy of haar termyn aan sy of haar opvolger oorhandig, welke verslae ook sentraal gestoor en aan toekomstige Studenteraadslede beskikbaar gestel moet word.

27 Bekendmaking van program en begroting[‡]

- (1) Die nuutverkose Studenteraad moet voor die aanvang van hul termyn 'n dokument aan alle studente beskikbaar stel wat ten minste –
 - (a) duidelik en in besonderhede uiteensit hoe die Studenteraad beoog om sy kernfunksies te vervul;
 - (b) 'n volledige begroting bevat; en
 - (c) aandui watter portefeuljes, insluitend die verpligte portefeuljes, aan watter Studenteraadslede of -bestuurders toegewys is.
- (2) Die Studenteraad moet, sodra hierdie dokument beskikbaar gestel is, redelike pogings aanwend om studente bewus te maak van die beskikbaarstelling daarvan.

28 Verteenwoordigers van die Studenteraad op ander liggame

Verteenwoordigers van die Studenteraad op ander liggame moet die standpunt van die Studenteraad by sodanige liggame stel en moet die Studenteraad raadpleeg oor belangrike besluite wat deur die liggame geneem sal word.

29 Gedragskode

Die Studenteraad moet 'n gedragskode aanvaar om gedragsreëls en 'n dissiplinêre prosedure vir die lede daarvan neer te lê.

30 Studenteraadsbestuurders (SR-bestuurders)

- (1) Die Studenteraad moet 'n minimum van twee (2) tot 'n maksimum van tien (10) studente as SR-bestuurders aanstel om portefeuljes wat hoofsaaklik organisatoriese of administratiewe funksies behels, namens die Studenteraad te bedryf.
- (2) Elke SR-bestuurder moet verantwoordbaar wees teenoor 'n spesifieke lid van die Studenteraad en die Studenteraad as geheel.
- (3) SR-bestuurders geniet toegang tot dieselfde fasiliteite as Studenteraadslede en kan hul eie komitees aanstel.
- (4) Die vergoeding van elke SR-bestuurder moet vasgestel word voor hy of sy aangestel word, waarna die betrokke bedrag deur beide die Studenteraad en die Evalueringspaneel afwaarts aangepas kan word.
- (5) SR-bestuurders is onderhewig aan evaluering deur die Evalueringspaneel.

- (6) SR-bestuurders het nie stemreg by Studenteraadsvergaderings nie en word nie verplig om Studenteraadsvergaderings by te woon nie, met die uitsondering dat –
- (a) SR-bestuurders ten minste een Studenteraadsvergadering per kwartaal moet bywoon om verslag te doen aan die Studenteraad rakende hul aktiwiteite; en
 - (b) 'n SR-bestuurder 'n Studenteraadsvergadering moet bywoon indien die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad dit skriftelik van hom of haar versoek.

31 Taakspanne

- (1) Die Studenteraad kan uit eie geledere taakspanne aanwys om *ad hoc* of deurlopende kwessies aan te spreek.
- (2) Addisioneel tot Studenteraadslede kan enige student op 'n taakspan aangestel word.
- (3) Tensy die dringendheid van die kwessie dit verhoed, moet enige student die geleentheid gegun word om aansoek te doen om op 'n taakspan te dien.
- (4) Die Studenteraad kan afhandelingsbevoegdheid aan 'n taakspan delegeer.

32 Massavergaderings

- (1) Die Studenteraad kan massavergaderings byeenroep om die Studenteraad se mandaat te konsolideer, as 'n platform vir debatvoering en om verantwoordbaarheid te verseker.
- (2) Alle studente kan massavergaderings bywoon en het stemreg by massavergaderings.
- (3) Die Studenteraad moet, nie minder nie as een (1) week voor 'n massavergadering, behoorlike kennis van die datum, tyd, plek en agenda van die massavergadering aan studente gee.
- (4) Studente kan 'n massavergadering aanvra by wyse van 'n petisie wat deur ten minste honderd (100) studente geteken is, in welke geval die Studenteraad moet reël dat die massavergadering binne twee (2) weke vanaf die indiening van die petisie plaasvind.

33 Verdere pligte

Dit is verder die Studenteraad se plig om –

- (a) hierdie Grondwet aan studente beskikbaar te stel en hulle bewus te maak van die beskikbaarstelling daarvan; en
- (b) enige ander pligte deur hierdie Grondwet aan hulle opgedra, te verrig.

Afdeling 3.3 Uitvoerende Komitee (UK) van die Studenteraad

34 Samestelling

Die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad bestaan uit –

- (a) die Voorsitter van die Studenteraad;
- (b) die Ondervoorsitter van die Studenteraad;
- (c) die Tesourier van die Studenteraad;
- (d) die Sekretaris van die Studenteraad; en
- (e) twee (2) bykomende lede van die Studenteraad.

35 Pligte en bevoegdhede

(1) Die Uitvoerende Komitee –

- (a) bepaal die agenda vir Studenteraadsvergaderings;
- (b) stel die Studenteraad se begroting saam;
- (c) hanteer dag-tot-dag kwessies van die Studenteraad;
- (d) neem in spoedeisende gevalle – waar dit nie prakties haalbaar is om die Studenteraad byeen te roep nie – belangrike besluite;
- (e) besluit op die portefeuljetoedeling van die Studenteraad, uitsluitend die verpligte portefeuljes;
- (f) stel een (1) of meer Stembuskonvenor(s) ingevolge artikel 90(5) aan;
- (g) verrig sodanige ander pligte as wat die Studenteraad daaraan opdra; en
- (h) moet enige ander funksies deur hierdie Grondwet daaraan opgedra, uitvoer.

(2) Besluite geneem deur die Uitvoerende Komitee ingevolge paragrawe (1)(b), (1)(d), (1)(e), en (1)(f) moet deur die Studenteraad by 'n latere Studenteraadsvergadering bekragtig word om van krag te wees.

(3) Enige ander besluite van die Uitvoerende Komitee kan deur die Studenteraad ter syde gestel word by 'n latere Studenteraadsvergadering.

36 Vergaderings en notules

(1) Die Uitvoerende Komitee vergader weekliks.

(2) Alle besluite van die Uitvoerende Komitee moet genotuleer word en die notule van 'n Uitvoerende Komitee-vergadering moet drie (3) Universiteitsdae ná die Uitvoerende Komitee-vergadering aan die Studenteraad beskikbaar gestel word.

(3) Indien ten minste drie (3) lede van die Studenteraad dit binne een (1) Universiteitsdag vanaf die beskikbaarstelling van die notule skriftelik van die Voorsitter versoek, moet die Voorsitter binne

twee (2) Universiteitsdae vanaf die indiening van die versoek 'n Studenteraadsvergadering byeenroep, waar die enigste agendapunte die betrokke kwessies uit die notule van die vergadering van die Uitvoerende Komitee sal wees.

37 Kworum

Vier (4) lede van die Uitvoerende Komitee vorm 'n kworum op 'n vergadering van die Uitvoerende Komitee.

Afdeling 3.4 Vergaderings van die Studenteraad

38 Frekwensie

Die Studenteraad vergader gewoonlik minstens tweeweekliks, maar is nie verplig om gedurende amptelike eksamen- of vakansietye te vergader nie.

39 Kennisgewing van vergadering

Skriftelike kennisgewing van 'n Studenteraadsvergadering aan lede geskied minstens twee (2) Universiteitsdae voor die vergadering en vermeld minstens –

- (a) die datum, tyd en plek van die vergadering; en
- (b) die volledige agenda.

40 Kworum[‡]

- (1) Tien (10) Studenteraadslede vorm 'n kworum op Studenteraadsvergaderings.
- (2) Geen besluit van die Studenteraad sal geldig wees indien daar nie tien (10) Studenteraadslede op die vergadering waar die besluit geneem is, teenwoordig was nie.

41 Deursigtigheid[‡]

- (1) 'n Sakelys wat ten minste al die punte op die agenda, sowel as die datum, tyd en plek van die vergadering bevat, moet ten minste twee (2) Universiteitsdae voor elke Studenteraadsvergadering aan alle studente beskikbaar gestel word.
- (2) Enige student, of enige ander persoon op uitnodiging van die Studenteraad, mag Studenteraadsvergaderings bywoon.
- (3) 'n Persoon wat nie 'n lid van die Studenteraad is nie mag slegs by 'n Studenteraadsvergadering 'n spreukbeurt, waarvan die Voorsitter die duur sal bepaal, kry indien –

- (a) hy of sy die Sekretaris minstens een (1) Universiteitsdag voor die vergadering skriftelik van sy of haar bedoeling om te praat verwittig; of
 - (b) die Voorsitter dit goedkeur.
- (4) Die Voorsitter kan die bespreking van 'n bepaalde agendapunt *in camera* reël indien hy of sy dit in die belang van studente ag, met dien verstande dat –
- (a) die Voorsitter dit reeds voor die vasstelling van die agenda moet doen;
 - (b) die punt steeds in die agenda en sakelys moet verskyn;
 - (c) die bespreking van die punt steeds genotuleer moet word, welke deel van die notule slegs intern aan die Studenteraad beskikbaar hoef te wees; en
 - (d) die Studenteraad kan besluit om die besluit van die Voorsitter om te keer.

42 Notule[‡]

- (1) Alle besluite van die Studenteraad moet genotuleer word.
- (2) Die Sekretaris moet sorg dat 'n volledige notule van elke Studenteraadsvergadering elektronies en by die Studenteraadskantoor aan alle studente beskikbaar gestel word, nie later nie as vyf (5) Universiteitsdae ná die vergadering.

43 Sekundi van Tygerberg en die Militêre Akademie

- (1) Indien die Voorsitter van die Tygerberg Studenteraad of die Studentekaptein van die Militêre Akademie Studenteraad nie 'n Studenteraadsvergadering kan bywoon nie, mag hy of sy 'n lid van die Tygerberg Studenteraad of Militêre Akademie Studenteraad (soos van toepassing) skriftelik as sekundus aanwys om die vergadering by te woon.
- (2) Sodanige sekundus kan by die vergadering alle regte en bevoegdhede uitoefen wat die persoon wat hy of sy verteenwoordig, sou kon uitoefen as hy of sy teenwoordig was.
- (3) Die reg om 'n sekundus aan te wys mag nie agtereenvolgend vir meer as twee (2) Studenteraadsvergaderings uitgeoefen word nie.

Afdeling 3.5 Evaluering van Studenteraadslede deur die Evaluerings-paneel[‡]

44 Aard en byeenroeping van die Evalueringspaneel

Die Evalueringspaneel word deur die Voorsitter van die Studenteraad, of 'n Studenteraadslid deur die Voorsitter gedelegeer, byeengeroep om te evalueer hoe die lede van die Studenteraad hul pligte uitgevoer het en om hulle op dié manier verantwoordbaar te hou.

45 Samestelling van die Evalueringspaneel

- (1) Die Evalueringspaneel bestaan uit die volgende lede:
 - (a) die Voorsitter van die Studentehof of 'n lid van die Hof deur hom of haar aangewys, wat as Voorsitter van die Evalueringspaneel sal dien;
 - (b) die Speaker van Studenteparlement;
 - (c) een (1) student wat Studenteparlement tydens die betrokke jaar bygewoon het, op 'n ewekansige wyse deur die Speaker gekies uit Studenteparlement se bywoningsrekords; en
 - (d) twee (2) persone, hetsy studente, personeellede van die Universiteit of ander persone, wat nie Studenteraadslede is nie, deur die Studenteraad aangewys, met inagneming van hul kennis van die pligte van Studenteraadslede.
- (2) Die Viserektor (Onderrig) mag twee (2) personeellede van die Universiteit aanwys om in 'n adviserende kapasiteit op die paneel te dien, welke personeellede nie stemreg op die paneel het nie.

46 Pligte en bevoegdhede van die Evalueringspaneel

- (1) Die Evalueringspaneel kan besluit om –
 - (a) tot 20% van die gebruikelike honorarium van 'n Studenteraadslid terug te hou indien sodanige lid se jaarverslag na die oordeel van die Paneel nie behoorlik en volledig is nie; en
 - (b) tot 40% van die gebruikelike honorarium van 'n Studenteraadslid terug te hou indien sodanige lid na die oordeel van die Paneel nie sy of haar pligte behoorlik en bekwaam verrig het nie.
- (2) Die Paneel kan 'n kort onderhoud met elke Studenteraadslid voer oor die uitvoering van sy of haar eie pligte en dié van die ander voormalige Studenteraadslede;
- (3) In die Paneel se besluit ingevolge paragraaf (1)(b), moet die Paneel ook die volgende in ag neem:
 - (a) die bepalings van hierdie Grondwet;
 - (b) die gedragskode en ander reglemente van die Studenteraad;
 - (c) sodanige verstoë as wat enige persoon skriftelik aan die Voorsitter van die Paneel mag rig;
 - (d) die verslae van Studenteraadslede, waarvan afskrifte aan die Paneel besorg moet word; en
 - (e) die beginsels van natuurlike geregtigheid.

47 Hersiening

Die besluite van die Evalueringspaneel kan nie deur die Studentehof hersien word nie, maar wel deur die Appèlhof.

48 Prosedure

Die Paneel bepaal die prosedure daarvan.

49 Kennisgewing en redes

Die Paneel moet 'n Studenteraadslid so gou moontlik in kennis stel van die besluit daarvan en skriftelik vir die redes van daardie besluit indien besluit is om enige deel van die lid se honorarium terug te hou.

50 Tydsraamwerk

Die Paneel word jaarliks gekonstitueer om die pligte en bevoegdhede daarvan tussen 1 Maart en 31 Desember van die betrokke jaar uit te oefen.

HOOFSTUK 4 STUDENTEPARLEMENT[‡]

51 Aard van Studenteparlement

- (1) Studenteparlement is 'n onafhanklike kwartaallikse forum vir alle studente en dien as 'n openbare terugvoer- en konsultasiemeganisme vir interaksie tussen die Studenteraad en studente, en, waar van toepassing, die Universiteitsbestuur.
- (2) Studenteparlement dien ook om te verseker dat die Studenteraad haar grondwetlike mandaat uitvoer en om die Studenteraad verantwoordbaar en deursigtig te hou.

52 Speaker

'n Speaker word jaarliks deur Studenteparlement verkies, en sy of haar pligte sluit in om –

- (a) te verseker dat Studenteparlement plaasvind;
- (b) te verseker dat 'n agenda saamgestel word en om dit ten minste een (1) week voor elke Studenteparlement plaasvind aan alle studente te bemark;
- (c) te verseker dat die notule van Studenteparlement nie minder nie as twee (2) weke ná elke Studenteparlement beskikbaar gestel word; en
- (d) om by die vergaderings van Studenteparlement as voorsitter op te tree, en wel onpartydig en op so 'n wyse om ordelike en demokratiese debatvoering te bevorder.

53 Grondwette, reëls en reglemente

- (1) Studenteparlement mag enige grondwette, reëls of reglemente aanvaar om die aktiwiteite daarvan te organiseer.
- (2) Sodanige grondwette, reëls of regulasies is onderhewig aan bekragtiging deur die Studentehof, en kan na die Studenteparlement terugverwys word op grond van –
 - (a) prosedurele onbillikheid; of
 - (b) strydigheid met Studenteparlement se grondwetlike mandaat of die grondwetlike raamwerk van studenteleierskap by die Universiteit.

54 Bevoegdhede

- (1) Tensy hierdie Grondwet anders bepaal, is besluite van Studenteparlement nie bindend op die Studenteraad nie.
- (2) Studenteparlement is bevoeg om –
 - (a) een of meer Studenteraadslede te versoek om hul gedrag, optrede of tekort daaraan in eie persoon by Studenteparlement te verduidelik;
 - (b) 'n mosie van wantroue in een of meer Studenteraadslede in te stel, op grond daarvan dat hulle nie hul grondwetlike verpligtinge nakom nie, onderhewig aan hersiening deur die Studentehof;
 - (c) 'n lys breë prioriteite te bepaal waaraan die Studenteraad gehoor moet gee in die opstel van hul begroting en die beplanning van hul aktiwiteite;
 - (d) buitengewone vergaderings te hou;
 - (e) taakspanne aan te stel om bepaalde kwessies te bespreek en ondersoek, en om terug te rapporteer en aanbevelings te maak aan die volle sitting van Studenteparlement en ander liggame en amptenare, insluitend dié van die Universiteit; en
 - (f) enige ander maatreëls te aanvaar om te verseker dat die mandaat daarvan effektief uitgevoer word.
- (3) Die bevoegdhede wat in paragrawe (2)(c), (2)(d) en (2)(e) omskryf word, is onderhewig daaraan dat Studenteparlement 'n Studenteparlementgrondwet aanvaar wat –
 - (a) die prosedures vir die uitoefening van hierdie bevoegdhede uiteensit; en
 - (b) deur die Studentehof bekragtig moet word voor dit van krag word.

HOOFSTUK 5 DIE STUDENTEHOF EN DIE APPÈLHOF‡

55 Aard en werking van die Studentehof

- (1) Die Studentehof –
 - (a) funksioneer as 'n administratiewe tribunaal; en
 - (b) is onafhanklik en slegs onderworpe aan hierdie Grondwet, wat die Hof onpartydig en sonder vrees, begunstiging of vooroordeel moet toepas.
- (2) Alle studenteliggame moet meewerk om die onafhanklikheid, onpartydigheid, waardigheid en toeganklikheid van die Studentehof te verseker.

56 Nominasie en aanstelling van lede van die Studentehof

- (1) Die Voorsitter van die Studentehof moet aan die begin van die derde kwartaal nominasies vir lede van die Studentehof van regstudente en -dosente vra.
- (2) Die oopstel van nominasies moet duidelik aan alle benoembare studente geadverteer word, hetsy deur middel van elektroniese kommunikasie of andersins.
- (3) Die Voorsitter moet die nominasies aan die Fakulteitsraad van die Fakulteit Regsgeleerdheid voorlê en die Fakulteitsraad stel die lede van die Hof voor die einde van Augustus elke jaar aan, in oorleg met die dosente van die regstudente wat in die daaropvolgende jaar voorfinalejaar-, finalejaar-LLB-studente of LLM-studente sal wees.

57 Samestelling en lidmaatskap

- (1) Die Studentehof bestaan uit vyf (5) LLB- of LLM-studente, met dien verstande dat –
 - (a) 'n minimum van een (1) tot 'n maksimum van twee (2) voorfinalejaar-LLB-studente (in die kalenderjaar wat volg op hul aanstelling) op die Hof dien;
 - (b) 'n minimum van twee (2) tot 'n maksimum van vier (4) finalejaar-LLB-studente (in die kalenderjaar wat volg op hul aanstelling) op die Hof dien; en
 - (c) 'n maksimum van een (1) LLM-student (in die kalenderjaar wat volg op sy of haar aanstelling) op die Hof dien;
- (2) Geen lid van die Hof mag 'n lid van die Studenteraad wees nie

58 Voorsitter

Die Voorsitter van die Studentehof word binne tien (10) dae ná die aanstelling van die lede daarvan deur die lede verkies op 'n vergadering wat deur die voormalige Voorsitter van die Studentehof byeengeroep word.

59 Termyn

Die termyn van die Studentehof stem ooreen met dié van die Studenteraad, behalwe in uitsonderlike gevalle waar praktiese oorwegings ander maatreëls vereis.

60 Jurisdiksie van die Studentehof

Die Studentehof is bevoeg om –

- (a) 'n interpretasie te gee, of die interpretasie van 'n party voor die Hof te bekragtig, ten opsigte van –
 - (i) hierdie Grondwet; of
 - (ii) enige magtigende bepaling in terme waarvan 'n studenteliggaam of 'n lid van 'n studenteliggaam mag uitoefen;
- (b) te beslis oor die grondwetlikheid van enige optrede of versuim van enige studenteliggaam of 'n lid daarvan;
- (c) enige besluit van 'n studenteliggaam of 'n lid daarvan, waardeur 'n student of 'n groep studente se regte of geregverdigde verwagtinge wesenlik en negatief geaffekteer word, te hersien;
- (d) finaal oor enige aangeleentheid te beslis waar die partye tot die jurisdiksie van die Hof toestem; en
- (e) te beslis oor alle ander aangeleenthede wat hierdie Grondwet onder die Studentehof se jurisdiksie plaas.

61 Remedies

Die Studentehof kan –

- (a) 'n interdik of enige ander tussentydse regshulp toestaan indien 'n wesenlike onreg andersins sou geskied;
- (b) 'n verklarende bevel uitreik;
- (c) enige besluit of optrede wat onbestaanbaar is met hierdie Grondwet, of 'n grondwet, beleid, reglement of enige magtigende bepaling van enige studenteliggaam, ongeldig verklaar in die

mate waarin dit daarmee onbestaanbaar is, met dien verstande dat by 'n bevel vir ter syde stelling –

- (i) die terugwerkende impak van die bevel so ver as moontlik beperk moet word; en
 - (ii) die bevel vir 'n bepaalde tydperk of op enige voorwaardes opgeskort kan word ten einde die betrokke persoon of liggaam toe te laat om die gebrek reg te stel; of
- (d) enige bevel, insluitend 'n kombinasie van die bovermelde remedies, toestaan wat billik en regverdig is.

62 Aansoeke en verskyningsbevoegdheid by die Studentehof

- (1) Alle studente en studenteliggame het verskyningsbevoegdheid voor die Studentehof, en slegs studente en studenteliggame het hierdie bevoegdheid, tensy –
- (a) hierdie Grondwet aan 'n ander persoon of liggaam verskyningsbevoegdheid verleen; of
 - (b) al die partye voor die Studentehof toestem tot die verlening van verskyningsbevoegdheid aan 'n ander persoon of liggaam.
- (2) Die prosedure waarvolgens sake voor die Hof gebring word, word uiteengesit in die reëls van die Studentehof.

63 Prosedure van die Studentehof

- (1) Die Studentehof bepaal self die prosedure daarvan, met inagneming van –
- (a) die reëls van natuurlike geregtigheid; en
 - (b) die behoefte dat die Studentehof toeganklik moet wees.
- (2) Die Studentehof moet, ná oorleg met die Studenteraad en onderhewig aan goedkeuring deur die Appèlhof, reëls aanvaar wat die prosedure daarvan uiteensit, wat ten minste daarvoor voorsiening moet maak dat –
- (a) nadat die Hof 'n aansoek ontvang het, die Voorsitter van die Hof moet sorg dat enige persoon wat 'n wesenlike belang by die verrigtinge kan hê, daarvan in kennis gestel word; en
 - (b) die tyd en plek waarop 'n aansoek aangehoor sal word vroegtydig in die Ou Hoofgebou en by die Studenteraadskantoor, asook elektronies, geadverteer moet word.
- (3) Die reëls wat in subartikel (2) beoog word, en die identiteit en kontakbesonderhede van die Voorsitter van die Studentehof, moet elektronies en in harde kopie gereedlik aan alle studente beskikbaar wees.

64 Verteenwoordiging by die Studentehof

- (1) Enige party voor die Studentehof mag met of sonder verteenwoordiging voor die Hof verskyn.
- (2) Slegs studente mag as verteenwoordigers voor die Studentehof optree.

65 Uitsprake van die Studentehof

- (1) Die uitsprake van die Studentehof is bindend.
- (2) Die Studentehof moet skriftelike redes vir die beslissings daarvan verskaf, en dit moet deur al die lede van die Hof onderteken word.
- (3) Waar 'n minderheid lede van die Hof nie met die meerderheid saamstem nie, moet die minderheid skriftelike redes vir hul afwyking verskaf.
- (4) Alle uitsprake van die Studentehof moet, so gou as moontlik nadat dit gelewer is, aan alle studente beskikbaar gestel word, beide –
 - (a) elektronies; en
 - (b) in harde kopie by –
 - (i) die Studenteraadskantoor; en
 - (ii) die Sekretaresse van die Dekaan van die Regsfakulteit.
- (5) Die Voorsitter van die Studentehof moet toesien dat alle uitsprake van die Studentehof beide in harde kopie by die Studenteraadskantoor en op 'n elektroniese databasis gestoor word, en dat alle Studente geredelike toegang tot die vorige uitsprake van die Studentehof het.

66 Samestelling van die Appèlhof

Die Appèlhof bestaan uit twee (2) dosente van die Fakulteit Regsgeleerdheid, wat deur die Dekaan van dié Fakulteit aangewys word.

67 Jurisdiksie van die Appèlhof

- (1) Die Appèlhof hoor appèlle teen die beslissings van die Studentehof aan.
- (2) Die Appèlhof kan enige besluit of versuim van die Studentehof hersien.
- (3) Die Appèlhof kan besluite van die Evalueringspaneel hersien.
- (4) Die Appèlhof kan beslis oor alle ander aangeleenthede wat hierdie Grondwet onder die jurisdiksie daarvan plaas.

68 Aanteken van appèl of aansoek vir hersiening by die Appèlhof

- (1) 'n Appèl of 'n aansoek om hersiening by die Appèlhof word aangeteken by die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid, wat dan 'n Appèlhof sal saamstel.
- (2) 'n Appèl moet aangeteken word binne dertig (30) dae nadat die besluit waarteen appèl aangeteken word of wat hersien word, geneem is, tensy hierdie Grondwet anders bepaal.

69 Prosedure van die Appèlhof

Die prosedure van die Appèlhof is met die nodige aanpassing dieselfde as dié van die Studentehof.

HOOFSTUK 6 DIE AKADEMIESE BELANGERAAD

70 Samestelling

- (1) Die Akademiese Belangeraad bestaan uit 'n Voorsitter, Ondervoorsitter, twee (2) studente van elke fakulteit, sowel as enige addisionele lede waarvoor daar in die grondwet van die Akademiese Belangeraad voorsiening gemaak word.
- (2) Lede van die Akademiese Belangeraad word verkies op die wyse wat in die grondwet van die Akademiese Belangeraad voorgeskryf word, en die verkiesing van die Voorsitter word ingevolge artikel 94 deur die Stembuskonvenor(s) hanteer.

71 Pligte en bevoegdhede

- (1) Die Akademiese Belangeraad verteenwoordig die akademiese belange van studente by die Studenteraad en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die Akademiese Belangeraad het die bevoegdhede wat nodig is vir die uitoefening van die pligte daarvan.

72 Grondwetlike mandaat

Die Akademiese Belangeraad het 'n grondwetlike mandaat om die regte van studente wat in hoofstuk 2 vervat word, en in besonder die reg op onderrig van goeie gehalte, akademiese ondersteuning en deursigtige en verantwoordbare assesseringsprosedures onder artikel 8(2), aktief te bevorder.

73 Grondwette, regulasies en reglemente

- (1) Die Akademiese Belangeraad mag, onderhewig aan goedkeuring deur die Studenteraad, enige grondwette, regulasies of reglemente, of wysigings daarvan, wat die werksaamhede van die Akademiese Belangeraad reël, aanvaar.
- (2) Die Studenteraad mag weier om nuwe grondwette, regulasies of reglemente wat deur die Akademiese Belangeraad voorgelê word, goed te keur op grond van –
 - (a) prosedurele onbillikheid; of
 - (b) strydigheid met die Akademiese Belangeraad se grondwetlike mandaat of die grondwetlike raamwerk van studenteleierskap by die Universiteit.
- (3) Die Akademiese Belangeraad mag na die Studentehof appelleer teen 'n weiering van die Studenteraad ingevolge subartikel (2).

HOOFSTUK 7 DIE PRIMKOMITEE

74 Samestelling

- (1) Die Primkomitee bestaan uit 'n Voorsitter, Ondervoorsitter, en die Prim, of sy of haar genomineerde, van elke koshuis en privaat studente-organisasie (PSO), sowel as enige lede waarvoor daar in die grondwet van die Primkomitee voorsiening gemaak word.
- (2) Die verkiesing van die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Primkomitee is daaraan onderhewig dat –
 - (a) óf die Voorsitter óf die Ondervoorsitter PSO's en PSO-studente op die Studenteraad verteenwoordig, en die uitgaande of oud-Prim van 'n PSO is; en
 - (b) óf die Voorsitter óf die Ondervoorsitter koshuise en koshuisinwoners op die Studenteraad verteenwoordig, en die uitgaande of oud-Prim van 'n koshuis is.
- (3) Die verkiesing van die Voorsitter en Ondervoorsitter word ingevolge artikel 94 deur die Stembuskonvenor(s) hanteer.

75 Pligte en bevoegdhede

- (1) Die Primkomitee verteenwoordig die belange van koshuisinwoners en lede van PSO's, in daardie hoedanigheid, by die Studenteraad en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die Primkomitee het die bevoegdhede wat nodig is vir die uitoefening van die pligte daarvan.

76 Grondwetlike mandaat

Die Primkomitee het 'n grondwetlike mandaat om die regte van studente wat in hoofstuk 2 vervat word, en in besonder die reg op 'n bemagtigende omgewing waarin studentesukses en akademiese uitnemendheid aangemoedig en nagestreef word onder artikel 8(1), aktief te bevorder.

77 Grondwette, regulasies en reglemente

- (1) Die Primkomitee mag, onderhewig aan goedkeuring deur die Studenteraad, enige grondwette, regulasies of reglemente, of wysigings daarvan, wat die werksaamhede van die Primkomitee reël, aanvaar.
- (2) Die Studenteraad mag weier om nuwe grondwette, regulasies of reglemente wat deur die Primkomitee voorgelê word, goed te keur op grond van –
 - (a) prosedurele onbillikheid; of
 - (b) strydigheid met die Primkomitee se grondwetlike mandaat of die grondwetlike raamwerk van studenteleierskap by die Universiteit.
- (3) Die Primkomitee mag na die Studentehof appelleer teen 'n weiering van die Studenteraad ingevolge subartikel (2).

HOOFSTUK 8 DIE VERENIGINGSRAAD

78 Samestelling

- (1) Die Verenigingsraad bestaan uit 'n Voorsitter en die Voorsitter, of sy of haar genomineerde, van elk van die verenigings wat erken word ingevolge die grondwet van die Verenigingsraad, sowel as enige lede waarvoor daar in die grondwet van die Verenigingsraad voorsiening gemaak word.
- (2) Die Voorsitter word volgens die wyse wat in die grondwet van die Verenigingsraad voorgeskryf word, verkies, en die verkiesing word ingevolge artikel 94 deur die Stembuskonvenor(s) hanteer.

79 Pligte en bevoegdhede

- (1) Die Verenigingsraad verteenwoordig die belange van alle erkende studenteverenigings, en die lede van alle erkende studenteverenigings, in daardie hoedanigheid, by die Studenteraad en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die Verenigingsraad het die bevoegdhede wat nodig is vir die uitoefening van die pligte daarvan.

80 Grondwetlike mandaat

Die Verenigingsraad het 'n grondwetlike mandaat om die regte van studente wat in hoofstuk 2 vervat word, en in besonder die reg op vryheid van godsdiens, oortuiging en mening onder artikel 9 en die reg op vryheid van assosiasie onder artikel 12, aktief te bevorder.

81 Grondwette, regulasies en reglemente

- (1) Die Verenigingsraad mag, onderhewig aan goedkeuring deur die Studenteraad, enige grondwette, regulasies of reglemente, of wysigings daarvan, wat die werksaamhede van die Verenigingsraad reël, aanvaar.
- (2) Die Studenteraad mag weier om nuwe grondwette, regulasies of reglemente wat deur die Verenigingsraad voorgelê word, goed te keur op grond van –
 - (a) prosedurele onbillikheid; of
 - (b) strydigheid met die Verenigingsraad se grondwetlike mandaat of die grondwetlike raamwerk van studenteleierskap by die Universiteit.
- (3) Die Verenigingsraad mag na die Studentehof appelleer teen 'n weiering van die Studenteraad ingevolge subartikel (2).

HOOFSTUK 9 DIE MILITÊRE AKADEMIE STUDENTERAAD

82 Samestelling

- (1) Die Militêre Akademie Studenteraad bestaan uit 'n Studentekaptein en addisionele lede.
- (2) Die getal lede wat die Militêre Akademie Studenteraad uitmaak en die wyse waarop die Studentekaptein en ander lede daarvan verkies word, word bepaal in die grondwet van die Militêre Akademie Studenteraad.
- (3) Die verkiesing van die Militêre Akademie Studenteraad moet, tensy buitengewone omstandighede dit onmoontlik maak, met die Studenteraadsverkiesing op die Stellenbosch kampus saamval

83 Pligte en bevoegdhede

- (1) Die Militêre Akademie Studenteraad verteenwoordig die belange van alle studente wat hul akademiese onderrig aan die Universiteit se Fakulteit Krygskunde ontvang, in daardie hoedanigheid, by die Studenteraad en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die Militêre Akademie Studenteraad het die bevoegdhede wat nodig is vir die uitoefening van die pligte daarvan.

84 Grondwetlike mandaat

Die Militêre Akademie Studenteraad het 'n grondwetlike mandaat om die regte van studente wat in hoofstuk 2 vervat word, aktief te bevorder.

85 Grondwette, regulasies en reglemente

- (1) Die Militêre Akademie Studenteraad mag, onderhewig aan goedkeuring deur die Studenteraad, enige grondwette, regulasies of reglemente, of wysigings daarvan, wat die werksaamhede van die Militêre Akademie Studenteraad reël, aanvaar.
- (2) Die Studenteraad mag weier om nuwe grondwette, regulasies of reglemente wat deur die Militêre Akademie Studenteraad voorgelê word, goed te keur op grond van –
 - (a) prosedurele onbillikheid; of
 - (b) strydigheid met die Militêre Akademie Studenteraad se grondwetlike mandaat of die grondwetlike raamwerk van studenteleierskap by die Universiteit.
- (3) Die Militêre Akademie Studenteraad mag na die Studentehof appelleer teen 'n weiering van die Studenteraad ingevolge subartikel (2).

HOOFSTUK 10 DIE TYGERBERG STUDENTERAAD

86 Samestelling

- (1) Die Tygerberg Studenteraad bestaan uit 'n Voorsitter en addisionele lede.
- (2) Die getal lede wat die Tygerberg Studenteraad uitmaak en die wyse waarop die Voorsitter en ander lede daarvan verkies word, word bepaal in die grondwet van die Tygerberg Studenteraad.
- (3) Die verkiesing van die Tygerberg Studenteraad moet, tensy buitengewone omstandighede dit onmoontlik maak, met die Studenteraadsverkiesing op die Stellenbosch kampus saamval

87 Pligte en bevoegdhede

- (1) Die Tygerberg Studenteraad verteenwoordig die belange van alle studente van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, in daardie hoedanigheid, by die Studenteraad en die Universiteitsbestuur.
- (2) Die Tygerberg Studenteraad het die bevoegdheid wat nodig is vir die uitoefening van die pligte daarvan.

88 Grondwetlike mandaat

Die Tygerberg Studenteraad het 'n grondwetlike mandaat om die regte van studente wat in hoofstuk 2 vervat word, aktief te bevorder.

89 Grondwette, regulasies en reglemente

- (1) Die Tygerberg Studenteraad mag, onderhewig aan goedkeuring deur die Studenteraad, enige grondwette, regulasies of reglemente, of wysigings daarvan, wat die werksaamhede van die Tygerberg Studenteraad reël, aanvaar.
- (2) Die Studenteraad mag weier om nuwe grondwette, regulasies of reglemente wat deur die Tygerberg Studenteraad voorgelê word, goed te keur op grond van –
 - (a) prosedurele onbillikheid; of
 - (b) strydigheid met die Tygerberg Studenteraad se grondwetlike mandaat of die grondwetlike raamwerk van studenteleierskap by die Universiteit.
- (3) Die Tygerberg Studenteraad mag na die Studentehof appelleer teen 'n weiering van die Studenteraad ingevolge subartikel (2).

HOOFSTUK 11 VERKIESINGS

90 Die algemene Studenteraadsverkiesing[‡]

- (1) Die nege (9) Studenteraadslede waarna daar in artikel 19(a) verwys word, word een maal elke kalenderjaar verkies in 'n vry en regverdigde algemene verkiesing waarin alle studente mag stem, met inagneming van die bepalings van bylae 1.
- (2) Elke student mag slegs een maal in 'n bepaalde verkiesing stem en elke student se stem dra dieselfde gewig.
- (3) Die Studenteraadsverkiesing moet –
 - (a) in die derde akademiese kwartaal plaasvind; en
 - (b) oor 'n maksimum van een (1) week gehou word.
- (4) Die volgende verkiesings mag nie met die Studenteraadsverkiesing oorvleuel nie:
 - (a) die verkiesing van die lede van die Akademiese Belengeraad, Primkomitee en Verenigingsraad, en die verteenwoordigers van hierdie liggame op die Studenteraad; en
 - (b) die verkiesings van enige studenteliggame wat direk of indirek resorteer onder die studenteliggame in paragraaf (a) genoem, insluitend die verkiesing van Fakulteitstudentekomitees, Huiskomitees, en Verenigingskomitees.
- (5) Die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad moet –
 - (a) die pos(te) van Stembuskonvenor(s) vir ten minste twee (2) weke op Stellenbosch kampus adverteer;
 - (b) elke jaar voor die einde van Maart een of meer onafhanklike, outonome, onpartydige en bevoegde Stembuskonvenor(s), wat in geen stadium 'n lid was van die Studenteraad wat in daardie stadium aan bewind is nie, aanstel om die verkiesing te bestuur; en
 - (c) elke jaar voor die einde van Junie, en met inagneming van subartikel (3), die verkiesingsdatums in oorleg met die Stembuskonvenor(s) en, indien nodig, ander belanghebbendes, bepaal.
- (6) Die formaat van die verkiesing, wie kwalifiseer om in die verkiesing te staan, die pligte en bevoegdhede van die Stembuskonvenor(s), die klagteprosedure en die bekendmaking van die uitslae word in bylae 1 gereël, en hierdie artikel moet ooreenkomstig bylae 1 geïmplementeer word.

91 Verkiesing van die Voorsitter van die Studenteraad

- (1) Ná die geldigheid van die verkiesingsuitslae bevestig is ingevolge bylae 1, roep die Stembuskonvenor(s) die eerste vergadering van die nuutverkose Studenteraad byeen.

- (2) Die lede van die nuutverkose Studenteraad, insluitend die *ex officio*-lede, verkies 'n nuwe Voorsitter van die Studenteraad by wyse van positiewe stemming en onder voorsitterskap van (een [1] van) die Stembuskonvenor(s).
- (3) Enige lid van die nuutverkose Studenteraad, uitsluitend die *ex officio*-lede, mag hom- of haarself beskikbaar stel vir verkiesing tot Voorsitter van die Studenteraad.
- (4) Die voorsitter van die vergadering moet aan die kandidate 'n redelike geleentheid gun om die vergadering toe te spreek en vrae te beantwoord voordat daar tot stemming oorgegaan word.

92 Verkiesing van die res van die Uitvoerende Komitee van die Studenteraad

- (1) Ná die verkiesing van die Voorsitter van die nuutverkose Studenteraad, verkies die nuutverkose Studenteraad die ander lede van die Uitvoerende Komitee by wyse van positiewe stemming en onder voorsitterskap van die Voorsitter van die nuutverkose Studenteraad.
- (2) Onderhewig aan artikel 24, mag enige lid van die nuutverkose Studenteraad hom- of haarself beskikbaar stel vir enige van die oorblywende poste op die Uitvoerende Komitee.
- (3) Sou die nuutverkose Studenteraad so besluit, mag die Uitvoerende Komitee ook by 'n latere Studenteraadsvergadering verkies word, op die voorwaarde dat die Uitvoerende Komitee nie meer nie as een (1) maand ná die bekendmaking van die uitslae van die Studenteraads-verkiesing, verkies word.
- (4) Die voorsitter van die vergadering moet aan die kandidate 'n redelike geleentheid gun om die vergadering toe te spreek en vrae te beantwoord voordat daar tot stemming oorgegaan word.

93 Verkiesing van die Beleidsamptenaar, Kommunikasie-amptenaar en verteenwoordigers van die Studenteraad op statutêre liggame van die Universiteit

- (1) Die verkiesing van die Beleidsamptenaar, Kommunikasie-amptenaar en die verteenwoordigers van die Studenteraad op die Universiteitsraad, Senaat en Institusionele Forum moet geskied –
 - (a) by 'n Studenteraadsvergadering;
 - (b) nie later nie as een (1) maand ná die bekendmaking van die uitslae van die uitslae van die Studenteraadsverkiesing;
 - (c) onder die voorsitterskap van die Voorsitter van die nuutverkose Studenteraad; en
 - (d) by wyse van positiewe stemming.
- (2) Enige lid van die nuutverkose Studenteraad, insluitend lede van die Uitvoerende Komitee maar onderhewig aan artikel 24, mag hom- of haarself beskikbaar stel vir hierdie poste.

- (3) Die voorsitter van die vergadering moet aan die kandidate 'n redelike geleentheid gun om die vergadering toe te spreek en vrae te beantwoord voordat daar tot stemming oorgegaan word.

94 Verkiesing van die Voorsitters van die Akademiese Belangeraad en die Verenigingsraad, en die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Primkomitee

- (1) Die Stembuskonvenor(s) tree as voorsitter op by die verkiesing van die Voorsitters van die Akademiese Belangeraad en die Verenigingsraad, en die Voorsitter en Ondervoorsitter van die Primkomitee.
- (2) Die datum en tyd van die verkiesing word deur die Stembuskonvenor(s) in oorleg met die Voorsitters wat in daardie stadium aan bewind is, bepaal.
- (3) Die Stembuskonvenor(s) moet aan die kandidate 'n redelike geleentheid gun om die vergadering toe te spreek en vrae te beantwoord voordat daar tot stemming oorgegaan word.

HOOFSTUK 12 INWERKINGTREDING, HERROEPING EN WYSIGING[‡]

95 Inwerkingtreding, herroeping en wysiging

- (1) Hoofstuk 11 en bylae 1 van hierdie Grondwet tree op 1 Januarie 2012 in werking.
- (2) Die oorblywende bepalings van hierdie Grondwet tree op 1 September 2012 in werking en herroep daarmee alle vorige grondwette van die studente.
- (3) Geen deel van hierdie Grondwet sal terugwerkende effek hê nie.

96 Gewone wysigingsproses

- (1) Die volgende bepalings is fundamenteel en kan slegs by wyse van 'n referendum gewysig word: die voorrede, hoofstuk 1, hoofstuk 2, artikels 18, 19, 21, 23, 26, 27, 40, 41, 42, afdeling 3.5, hoofstuk 4, hoofstuk 5, artikel 90 en hoofstuk 12.
- (2) 'n Voorgestelde wysiging aan die fundamentele bepalings moet aanvaar word deur tien (10) lede van die Studenteraad wat by 'n Studenteraadsvergadering vir die voorgestelde wysiging stem, voordat 'n referendum uitgeroep sal word.
- (3) Al die bepalings wat nie in subartikel (1) gelys word nie, kan gewysig word deurdat tien (10) lede van die Studenteraad by 'n Studenteraadsvergadering vir die voorgestelde wysiging stem.
- (4) Die fundamentele bepalings wat in subartikel (1) gelys word geniet voorrang bo enige ander bepaling van hierdie Grondwet.

97 Buitengewone wysigingsproses

Nieteenstaande artikel 96, sal daar by wyse van 'n referendum oor enige voorgestelde wysiging tot enige deel van hierdie Grondwet gestem word indien –

- (a) die handtekening van ten minste honderd (100) studente ten gunste van die voorgestelde wysiging verkry is; en
- (b) Studenteparlement ten gunste van die wysiging gestem het.

98 Referendum

- (1) Die fundamentele bepalings van hierdie Grondwet soos gelys onder artikel 96(1), sowel as enige bepaling ingevolge artikel 97, kan slegs gewysig word deur middel van aanvaarding van die voorgestelde wysiging deur die studente in 'n referendum.
- (2) 'n Referendum vind plaas gedurende die Studenteraadsverkiesing en word gereël deur die Stembuskonvenor(s).
- (3) Elke student moet 'n redelike geleentheid kry om in 'n referendum te stem.

99 Verpligte referendum

- (1) Daar moet elke vyf (5) jaar, met aanvang in 2016, 'n referendum uitgeroep word waarin studente stem of hierdie Grondwet hersien moet word.
- (2) Indien die meerderheid van stemme ten gunste van hersiening uitgebring word, moet die volgende prosedure gevolg word:
 - (a) Die Studentehof moet die Studenteraad beveel om te verseker dat hierdie Grondwet deur middel van 'n deursigtige en deelnemende proses hersien word.
 - (b) As die Studenteraad nog nie teen die middel van hul termyn redelike stappe gedoen het om hierdie Grondwet te hersien nie, moet die Studentehof stappe neem wat dit nodig ag om te verseker dat hierdie Grondwet hersien word.
 - (c) Daar moet weer by wyse van 'n referendum oor die Grondwet gestem word gedurende die volgende Studenteraadsverkiesing.

BYLAE 1 ALGEMENE STUDENTERAADSVERKIESING

Afdeling S1 Stembuskonvenor(s) en die Stembuskomitee

1 Pligte en bevoegdhe van die Stembuskonvenor(s)

- (1) Die Stembuskonvenor(s) het al die pligte en bevoegdhe wat hierdie Grondwet aan hom of haar toeskryf.
- (2) Die Stembuskonvenor(s) moet verseker dat elke student wat stem slegs een (1) maal stem, en dat, indien dit prakties haalbaar is, elke student wat 'n redelike poging aanwend, sal kan stem.

2 Aanstelling en pligte van die Stembuskomitee

- (1) Die Stembuskonvenor(s) moet elke jaar voor die einde van Junie ten minste vyf (5) persone as lede van die Stembuskomitee aanstel, nadat hierdie poste vir ten minste twee (2) weke op Stellenbosch kampus geadverteer is.
- (2) Die Stembuskomitee moet, in samewerking met en onder beheer van die Stembuskonvenor(s), toesien dat die Studenteraadsverkiesing glad verloop.

3 Termyn

Die Stembuskonvenor(s) en Stembuskomitee se termyn strek vanaf aanstelling totdat die verslag waarna in item 5 verwys word, aan al die betrokke partye oorhandig is, maar eindig nie later nie as op 31 Oktober van die jaar waarin die betrokke Studenteraadsverkiesing plaasgevind het.

4 Onafhanklikheid

- (1) Die Stembuskonvenor(s) is onafhanklik en staan nie onder die gesag van enige studenteliggaam of die Universiteitsbestuur nie.
- (2) Hy of sy moet sy of haar pligte onpartydig en sonder vooroordeel uitvoer.
- (3) Nóg die Stembuskonvenor, nóg enige lede van die Stembuskomitee mag staan in die Studenteraadsverkiesing in die jaar van hul aanstelling, selfs indien hulle ophou om hierdie poste te vul of vervang word voor die verkiesing plaasvind.

5 Verslag

Die Stembuskonvenor(s) ontvang nie enige vergoeding voordat hy of sy nie 'n volledige verslag oor sy of haar werksaamhede aan die Voorsitter van die Studenteraad, die Voorsitter van die nuutverkose Studenteraad en die Sentrum vir Studentesake voor 31 Oktober van die betrokke jaar oorhandig het nie.

6 Vergoeding

- (1) Die Stembuskonvenor(s) en Stembuskomitee word ooreenkomstig die riglyne wat by die Sentrum vir Studentesake beskikbaar is, vergoed.
- (2) As hy of sy van sy of haar pligte in hierdie Grondwet wesenlik nie nagekom het nie, kan die Studentehof op aansoek die vergoeding van die Stembuskonvenor(s) verminder met 'n bedrag wat redelik en regverdigbaar is in die omstandighede.

7 Konvenor vir Tygerberg kampus

- (1) Die Stembuskonvenor(s) moet elke jaar voor die einde van Junie, in oorleg met die Tygerberg Studenteraad, 'n konvenor vir Tygerberg kampus aanstel, nadat dié posisie vir twee (2) weke op Tygerberg kampus geadverteer is.
- (2) Die Konvenor vir Tygerberg kampus moet in samewerking met en onder beheer van die Stembuskonvenor(s) van Stellenbosch kampus toesien dat die Studenteraadsverkiesing op Tygerberg kampus glad verloop.

Afdeling S2 Nominasies en voorvereistes vir kandidatuur

8 Nominasietydperk

- (1) Die nominasietydperk moet oor 'n tydperk van tien (10) Universiteitsdae strek, tensy dit verleng word ingevolge subitem (3) of item 9.
- (2) Alle stem- en nominasiedatums moet, tensy buitengewone omstandighede dit onmoontlik maak, ooreenstem met dié van die verkiesing van die Tygerberg Studenteraad.
- (3) As die Stembuskonvenor(s) van mening is dat dit in die belang van verteenwoordigendheid en deelname sou wees, mag hy of sy besluit om die laaste dag vir nominasie vir 'n tydperk van een (1) week uit te stel.

9 Prosedure waar te min nominasies ontvang is

As die aantal geskikte nominasies teen die laaste dag vir nominasies gelyk is aan of minder is as die aantal lede wat in die betrokke verkiesing tot die Studenteraad verkies moet word, dan –

- (a) moet die Stembuskonvenor(s) nominasies vir 'n tydperk van een (1) week heropen; en
- (b) indien die aantal nominasies steeds gelyk is aan of minder is as die aantal beskikbare poste, moet die Stembuskonvenor(s) die volgende studente tot behoorlik verkose Studenteraadslede verklaar:
 - (i) die genomineerde kandidate; en
 - (ii) soveel addisionele lede as wat die nuutverkose kandidate besluit om aan te wys, beperk tot die aantal beskikbare poste.

10 Besikbaarheid van nominasievorms

Die voorgeskrewe nominasievorms moet gedurende die hele nominasietydperk elektronies en by die Studenteraadskantoor beskikbaar wees.

11 Voorgeskrewe nominasievorm

Die Stembuskonvenor(s) moet nominasievorms voorskryf wat ten minste die volgende inligting bevat:

- (a) die kriteria waarvolgens akademiese keuring plaasvind, en kennis van die reg tot appèl daarteen en die plek waar appèl aangeteken kan word;
- (b) die reëls oor die plasing van, verspreiding van en ander beperkings aangaande veldtogmateriaal; en
- (c) die tyd en plek van die eerste ontmoeting van die kandidate.

12 Voltooiing van nominasievorms

Die Stembuskonvenor(s) moet die nominasie van 'n kandidaat verwerp indien dit nie ten minste die volgende bevat nie:

- (a) die volle naam van die kandidaat;
- (b) die handtekening van die kandidaat;
- (c) die handtekening van die voorsteller;
- (d) die handtekening van ten minste tien (10) studente wat die nominasie sekondeer;
- (e) 'n getikte verkiesingsmanifes van nie meer as 300 woorde nie;
- (f) 'n lys van die kandidaat se relevante ondervinding; en
- (g) die kandidaat se Universiteit studentenummer.

13 Akademiese vereistes vir kandidatuur in die Studenteraadsverkiesing

- (1) Die akademiese vereistes vir kandidatuur in die Studenteraadsverkiesing is in plek om gevalle te voorkom waar 'n lid van die Studenteraad om akademiese redes bedank gedurende sy of haar termyn.
- (2) Om op akademiese gronde te kwalifiseer moet 'n kandidaat voldoen aan die minimum koshuis HEMIS-vereistes gebaseer op sy of haar akademiese rekord van vorige jare en sy of haar uitslae in die halfjaareksamens van die betrokke jaar.
- (3) As 'n kandidaat die risiko loop om nie te voldoen aan die hertoelatingsvereistes van die Universiteit nie, sal hy of sy nie kandidaatskap in die Studenteraadsverkiesing gegun word nie.
- (4) 'n Kandidaat se amptelike akademiese rekord kan nagegaan word om te bepaal of daar aan die vereistes in subitem (2) en (3) voldoen word.

14 Uitsluiting op akademies gronde

- (1) Kandidate wat nie aan die akademiese vereistes in item 13 voldoen nie, is nie tot die Studenteraad verkiesbaar nie.
- (2) Die Stembuskonvenor(s) moet die akademiese rekord van die kandidate by die Registrateur se kantoor kry, en moet enige gevalle waar die kandidaat blyk om nie aan die vereistes in item 13 te voldoen nie, aan die komitee beoog in subitem (3) voorlê.
- (3) Die besluit om 'n kandidaat uit te sluit op akademiese gronde moet geneem word deur 'n komitee wat bestaan uit:
 - (a) die Studentedekaan;
 - (b) die Voorsitter van die Studenteraad;
 - (c) (een [1] van) die Stembuskonvenor(s);
 - (d) die Dekaan van die kandidaat se fakulteit; en
 - (e) een (1) addisionele lid van die Stembuskomitee, soos aangewys deur die Stembuskomitee.
- (4) Die komitee wat in subitem (3) beoog word moet hul besluit baseer op die vereistes in item 13, maar kan ook die volgende faktore in hul besluit in ag neem:
 - (a) die bestaan van spesiale redes, soos siekte, beserings, gebreke, ensovoorts, waarom die kandidaat akademies swak gevaar het;
 - (b) of die kandidaat van program verander het en goed gevaar het in die nuwe program;
 - (c) of die kandidaat se uitslae oor die afgelope drie (3) jaar 'n stygende tendens toon. (Met ander woorde, het die kandidaat steeds beter gevaar en minder modules gesak, en byvoorbeeld geen module in die afgelope drie (3) semesters gesak nie?); en

- (d) of die kandidaat 'n program gevolg het (byvoorbeeld BIng) waar die sak van 'n module veroorsaak het dat verskeie ander modules nie gevolg kon word nie of waar die sak van die module die herhaling van die jaargang genoodsaak het (byvoorbeeld MB,ChB).

15 Ander gronde vir uitsluiting

Benewens wanneer 'n kandidaat nie aan items 12 en 13 voldoen nie, moet die Stembuskonvenor(s) ook die nominasie van 'n kandidaat verwerp indien die kandidaat –

- (a) nog nie reeds vir ten minste een (1) semester 'n student was nie;
- (b) in die Republiek van Suid-Afrika of elders vir enige misdryf tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnissen is; of
- (c) aan enige oortreding skuldig bevind is deur die Sentrale Dissiplinêre Komitee of die Dissiplinêre Appèlkomitee van die Universiteit.

Afdeling S3 Formaat en bemerking van die verkiesing

16 Formaat van die verkiesing

Die Studenteraadsverkiesing vind as volg plaas:

- (a) Stemme word óf elektronies óf by wyse van papierstembriewe uitgebring.
- (b) Indien dit prakties uitvoerbaar is, verteenwoordigheid en deelname sal bevorder en nie negatief impakteer op die vryheid of regverdigheid van die verkiesing nie, kan die Stembuskonvenor(s) besluit dat –
 - (i) stemming op 'n kombinasie van wyses sal plaasvind; en
 - (ii) sekere wyses van stemming slegs aan sekere kategorieë studente beskikbaar sal wees.

17 Elektroniese stemming

Elektroniese stemming vind plaas deur middel van 'n beveiligde (“secure”), vertroulike en anonieme elektroniese stembrief waarop die name en foto's van al die kandidate verskyn.

18 Stemming by wyse van papierstembriewe

Stemming by wyse van papierstembriewe vind plaas by aangewese stempunte deur middel van 'n geslote stembrief waarop die name en foto's van al die kandidate verskyn.

19 Plasing van stempunte

- (1) Indien alle of sommige kategorieë studente hul stemme deur middel van van papierstembriewe uitbring, moet die Stembuskonvenor(s) ten minste tien (10) stempunte op Stellenbosch kampus en ten minste een (1) stempunt elk op Tygerberg kampus en by die Militêre Akademie aanwys.
- (2) Die stempunte moet toeganklik wees en die plasing daarvan moet 'n vry en regverdigde verkiesing verseker en deelname en verteenwoordigendheid bevorder.

20 Administrasie van stempunte

- (1) Die stempunte word deur bekwame en onpartydige persone, wat deur die Stembuskonvenor(s) aangewys word, bestuur.
- (2) Stempunte moet duidelik afgebaken word om die vertroulikheid van stemme te verseker.
- (3) Geen veldtogmateriaal, behalwe die verkiesingsuitgawe van Die Matie en die amptelike verkiesingsplakkate van die Stembuskonvenor(s), mag binne die afstand wat deur die Stembuskonvenor(s) bepaal word vanaf die stempunte verskyn nie.

21 Kennis en bemerking van die verkiesing

- (1) Die Stembuskonvenor(s) moet alle studente deur middel van 'n verkiesingsuitgawe van Die Matie, elektroniese bemerking, plakkate en op enige ander wyse van die volgende aspekte van die verkiesing inlig:
 - (a) die tydperk waartydens nominasies oop is en die plek waar die nominasievorms beskikbaar is;
 - (b) die stembdag of -dae;
 - (c) die wyse(s) waarop stemme uitgebring sal word, insluitend (indien van toepassing) waar stempunte geleë sal wees en die tye wanneer die stempunte oop- en toemaak;
 - (d) die datum, tyd en plek van die voorstellingsvergadering(s);
 - (e) die name, verkiesingsmanifeste en ondervinding van die kandidate;
 - (f) die dokument(e) wat die reëls en prosedures (wat deur die Stembuskonvenor(s) vasgestel word) aangaande die nominasievorms en veldtogvoering uiteensit;
 - (g) enige ander wesentlike besluite wat die Stembuskonvenor(s) maak aangaande enige aspek van die verkiesing; en
 - (h) die wyse waarop 'n klag gelê kan word voor, gedurende of ná die verkiesing, oor die Stembuskonvenor(s), 'n spesifieke verkiesingsveldtog of enige ander aspek van die verkiesing.
- (2) Die inligting wat deur subitem (1) vereis word, moet ook elektronies voor die aanvang van die verkiesing op 'n enkele webtuiste aan alle studente beskikbaar gestel word.

22 Veldtogte

- (1) Kandidate mag hul veldtogte voer op enige wyse wat nie met die reg, Universiteitsreëls, hierdie Grondwet, Studenteraadsreglemente of sodanige reëls as wat die Stembuskonvenor(s) neerlê, in stryd is nie.
- (2) Die Stembuskonvenor(s) moet 'n beperking plaas op die geldelike bedrag wat kandidate op hul veldtogte kan spandeer en moet reëls en prosedures neerlê om daardie beperking af te dwing.
- (3) Indien 'n kandidaat of sy of haar helpers of ondersteuners strydig met subitem (1) of (2) optree, kan die Stembuskonvenor(s) sodanige kandidaat beveel om verkiesingsmateriaal te verwyder of te vernietig, of die optrede te staak, of, waar die optrede 'n misdryf is of 'n ander kandidaat of kandidate ernstig benadeel, die kandidatuur van sodanige kandidaat ongeldig verklaar.
- (4) 'n Kandidaat kan die Stembuskonvenor(s) om finansiële bystand met sy of haar verkiesingsveldtog versoek indien hy of sy volgens die middeletoets wat deur die Afdeling Beurse en Lenings gebruik word, daarvoor kwalifiseer.

23 Voorstellingsvergaderings

- (1) Die Stembuskonvenor(s) moet ten minste vier (4) voorstellingsvergaderings reël, waarvan ten minste een (1) op Tygerberg kampus moet plaasvind, en waarby kandidate die geleentheid kry om hulself aan studente voor te stel en studente vrae aan die kandidate kan stel.
- (2) 'n Stembuskonvenor of sy of haar genomineerde tree as Voorsitter van 'n voorstellingsvergadering op.
- (3) Gedrag van studente by 'n voorstellingsvergadering moet aan die gedragskode vir voorstellingsvergaderings, wat as addendum aan hierdie Grondwet geheg kan word, voldoen.
- (4) Indien die voorsitter van die voorstellingsvergadering meen dat 'n persoon die gedragskode oortree, of vrae vra wat irrelevant is of die regte van die kandidaat skend, kan die voorsitter –
 - (a) 'n vraag buite orde reël;
 - (b) 'n vraag onderbreek en die vraesteller beveel om te swyg; of
 - (c) sodanige persoon beveel om die lokaal te verlaat.
- (5) Die duur van 'n voorstellingsvergadering word na goeddunke van die voorsitter daarvan bepaal, wat die vergadering te eniger tyd mag beëindig mits alle kandidate 'n billike en redelike geleentheid gehad het om hul verkiesingsmanifeste te stel en vrae te beantwoord.

Afdeling S4 Uitslae en klagtes

24 Uitslae van die verkiesing

- (1) Al die stemme moet so gou moontlik nadat die laaste geleentheid om te stem verby is, deur die Stembuskonvenor(s) en Stembuskomitee getel word.
- (2) Stembriewe mag nie vernietig word voor die geldigheid van die verkiesing vasstaan nie.
- (3) Die Stembuskonvenor(s) mag reëls maak betreffende en beslissings vel oor die geldigheid van stembriewe, mits dit met die beginsel van 'n vry en regverdige verkiesing ooreenstem.
- (4) Die volledige uitslag van die verkiesing moet so gou moontlik nadat al die stemme getel is, in die openbaar bekend gemaak word, en die kandidate moet volledige skriftelike uitslae ontvang.

25 Rol van die Studentedekaan

- (1) Die Studentedekaan het 'n waarnemersrol gedurende die Studenteraadsverkiesing.
- (2) Die Studentedekaan het hierdie status sonder enige benadeling van die onafhanklikheid of outonomie van die Stembuskonvenor(s).
- (3) Vir die doeleindes van hierdie item het die Studentedekaan verskyningsbevoegdheid by die Studentehof en kan die Studentedekaan klagtes bring ingevolge item 26.

26 Klagtes

- (1) 'n Klag oor 'n bepaalde kandidaat se veldtog moet by die Stembuskonvenor(s) gelê word, wat die klag behoorlik moet ondersoek en sy of haar beslissing binne vier-en-twintig (24) uur ná die klag gelê is, bekend moet maak.
- (2) Enige klag oor die hantering van die verkiesing, insluitend enige aspek wat die vryheid of regverdigheid van die verkiesing in gedrang kan bring, asook enige besluit of versuim om 'n besluit te neem van die Stembuskonvenor(s), moet by die Studentehof gelê word –
 - (a) binne 'n redelike tyd;
 - (b) voor die derde (3^e) Universiteitsdag (insluitend die derde dag) ná die bekendmaking van die uitslae; en
 - (c) in terme van die reëls van die Studentehof;
- (3) Indien 'n klag by die Studentehof gelê word –
 - (a) moet die Hof die klag met die nodige spoed hanteer indien benadeling andersins sou kon intree;
 - (b) moet die Hof die klag oorweeg teen die beginsels van 'n vry en regverdige Studenteraadsverkiesing wat verteenwoordigendheid en deelname bevorder;

- (c) mag die hof 'n ondersoekende benadering – wat die hertel of herevaluering van stembriewe kan insluit – tot die klag volg as dit in die spesifieke geval nodig blyk te wees;
 - (d) mag die hof enige remedie wat billik en regverdig is onder die omstandighede en die vryheid en regverdigheid van die verkiesing sal verseker, toestaan, wat die volgende remedies kan insluit:
 - (i) die tersydestelling van 'n besluit van die Stembuskonvenor(s);
 - (ii) die ongeldigverklaring van die uitslae met betrekking tot 'n bepaalde kandidaat of kandidate;
 - (iii) die ongeldigverklaring of toelating van stembriewe; en
 - (iv) die ongeldigverklaring van die verkiesing in geheel.
- (4) 'n Appèl teen 'n beslissing van die Studentehof ingevolge hierdie item moet binne twee (2) Universiteitsdae ná die beslissing bekendgemaak is, by die Dekaan van die Fakulteit Regsgeleerdheid geloods word, anders sal die beslissing van die Studentehof finaal wees.

27 Geldigheid van die verkiesingsuitslae

Die geldigheid van die volledige verkiesingsuitslag staan vas indien –

- (a) geen klag aangaande die geldigheid van die verkiesing binne drie (3) Universiteitsdae nadat die Stembuskonvenor(s) die volledige verkiesingsuitslag bekend gemaak het, by die Studentehof gelê is nie;
- (b) sodanige klag wel gelê is, en die Studentehof beslis dat die verkiesingsuitslag, of 'n verkiesingsuitslag wat deur die Hof gewysig is, geldig is en geen appèl binne twee (2) Universiteitsdae ná die beslissing daarteen aangeteken word nie; of
- (c) sodanige appèl wel aangeteken is, en die Appèlhof beslis dat die verkiesingsuitslag, of 'n verkiesingsuitslag wat deur die Hof gewysig is, geldig is.